Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

Augustus 2021

Voornemende Graad 8-ouer

AANLYN AANSOEKE VIR GRAAD 8 – 2022

Die **AANLYN**-aansoeke open op **10 Augustus 2021** – **3 September 2021** op die departementele aanlyn-platform by www.gdeadmissions.gov.za. Wees gerus: Ons sal u help om die aansoekproses seepglad te laat verloop.

Alle aansoeke word aanlyn gedoen en u het slegs tyd tot **10 September 2021** om u dokumente op die aanlynplatform op te laai of by die skool (hoofhek) in te handig. Ten einde sinvol aansoek te doen, moet die volgende dokumente u aansoek vergesel:

1. Gewaarmerkte geboortesertifikaat van die leerder.
2. Gewaarmerkte ID-dokument van albei ouers/voogde.
3. Laaste rapport van die leerder.
4. Bewys van adres: hierdie adres moet in die ouer/voog se naam wees en ooreenkom met die adres wat op die aanlyn-aansoek gebruik is. As u dus aansoek doen op grond van u huisadres moet ‘n munisipale rekening van die huis, in u naam, die aansoek vergesel. Indien u aansoek doen op grond van u werksadres, moet ‘n brief van die werkgewer, sowel as ‘n munisipale rekening van die werk die aansoek vergesel.
5. Volledig ingevulde Leerder Inligtingvorm van Die Hoërskool Wonderboom (beskikbaar op die webwerf by www.wonnies.co.za).

Aansoeke word op ‘n waglys geplaas op grond van die volgende kriteria:

1. Aansoeke wat, soos deur die regulasies voorgeskryf, aangedui het die woonadres is binne die voedingsarea van Die Hoërskool Wonderboom.
2. Aansoeke wat aangedui het, soos deur die regulasies voorgeskryf, dat daar ‘n broer/suster reeds in Die Hoërskool Wonderboom is.
3. Aansoeke wat, soos deur die regulasies voorgeskryf, aangedui het die werksadres is in die voedingsarea van Die Hoërskool Wonderboom. ‘n Bewys van die werksadres moet die aansoek vergesel.
4. Aansoeke wat, soos deur die regulasies voorgeskryf, aangedui het die woonadres is binne die 30km radius van Die Hoërskool Wonderboom.

5. Aansoeke wat, soos deur die regulasies voorgeskryf, aangedui het die woonadres is buite die 30km radius van Hoërskool Wonderboom.

Die plasing by ‘n skool word bepaal deur die waglysnommer wat aan u toegeken word.

Soos u kan sien is, die adres dus baie belangrik. Die aanlyn-stelsel moet self die adres kan “raaksien” en dus genereer vanuit Google Maps. Indien u die adres net intik en die aanlyn-stelsel kan dit nie verifieer op Google Maps nie, sal u afstand van die skool af verkeerd wees, wat daartoe kan lei dat u die verkeerde waglysnommer ontvang.

Indien u die adres-verifikasie nie regkry nie, moet asb. nie die aansoek voltooi op die aanlyn-platform nie. Kontak eers die skool by admin@wonnies.co.za sodat me. Lizelle Brits u hiermee kan help. So verseker ons dat die regte adres op die stelsel geverifieer word en u die regte waglysnommer ontvang.

Nadat u aanlyn aansoek gedoen het, sal u ‘n SMS ontvang met u waglysnommer. U moet asseblief daardie nommer op u Leerder Inligtingvorm van die skool skryf. Skryf ook iewers die “Login”- en “Password”-kodes neer waarmee u op die aanlynstelsel geregistreer het. Later in die jaar, sodra die aanlynproses afgehandel is en u aansoek deur die Departement van Onderwys geverifieer is, sal u weer ‘n SMS ontvang. U gaan dan weer op die aanlynstelsel moet inskakel met u “Login”- en “Password”-kodes ten einde die plasing by die skool te aanvaar.

Ons vertrou dat dié inisiatief van die Departement van Onderwys glad sal verloop. Ons gee u egter die versekering dat ons te alle tye beskikbaar sal wees, indien u enige probleme ondervind.

Ons kan nie wag om elke nuwe Wonnie in 2022 hier in Wonnie-land te ontvang nie.

MARIUS LEZAR
HOOF

THEA MC GEER
ADJUNKHOOF